SECRET

| | | |
|---|---|---|
| CLASSIFICATION | : | PRIORITY |
| REFERENCE | : | 89051102k11 |
| TO | : | DIRECTOR-GENERAL |
| FROM | : | A JAQUET DSWA |
| DATE | : | 11 MAY 1989 |
| STATUS | : | INFORMATION |
| SUBJECT | : | SWA UPDATE : 11 MAY 1989 |

1. CUBAN TROOP WITHDRAWAL

At the regular biweekly intelligence meeting on CTW it emerged that:

a) The CIA is convinced that the Cubans knew ahead of time that SWAPO planned to infiltrate SWA on 1 April;

b) Cubans and FAPLA are going to great lengths to avoid situations which would attract SADF involvement.

c) Status of troop withdrawals: Cuban troop withdrawals from Angola to Cuba continued through May 3; 1 230 troops have been flown back to Cuba on eight flights since April 19 and 3 320 have returned since April 1. Cuba announced recently that 6 237 troops had been withdrawn from Angola between January 10 and April 30, which generally agrees with estimates drawn from more fragmentary information.

d) Observed changes in the forces: Recent preparations for movements of Cuban units in Southern Angola indicate that the apparent hold on pull-backs from Southern Angola has been lifted, at least in part. The

File SWA Handling.

last Cuban redeployments were noted in early April; no additional movement activity was noted until recently.

e) Preparations for movement: The SA-2 and SA-3 battalions at Kangongo (22) are preparing to leave (moving north).

f) Cuban strength in Angola as of May 3, 1989:

| LOCATION | COMBAT STRENGTH | | TOTAL STRENGTH |
|---|---|---|---|
| North of 13th parallel | 7 150 | | 15 000 |
| Between 13th and 15th | 7 300 | | 18 000 |
| South of 15th parallel | 8 400 | | 17 000 |
| Redeploying/Unlocated | 1 850 | | |
| Withdrawn - Origin Undetermined | | (Minus) | 3 500 |
| TOTAL (Per "Adjusted" 13th and 15th parallels) | 24 700 | | 46 500 |

(Items c) to f) is CIA assessment)

## 2. VEILIGHEIDSITUASIE

a) Uit die oorspronklike 1 619 terroriste wat op 1 April na SWA geïnfiltreer het, het daar op 9 Mei na raming reeds 1 023 na Angola teruggekeer, terwyl 'n verdere 299 terroriste hulle steeds in SWA bevind. Gedurende die tydperk 1 April tot 9 Mei is 314 terroriste in kontakte gedood en 'n verdere 43 gevang.

b) Op 21 April is gerapporteer dat SWAPO se 1 Gemeganiseerde Brigade vanaf Cuemba by Bie (Sentraal-Angola) aangekom het, maar dit kan nie bepaal word of brigade moontlik na Suid-Angola onderweg is nie.

c) Sedert die Veiligheidsmagte met die verifikasie van die SWAPO onttrekking aan SWA op 28 April 1989 begin het, is tien wapenopslagplekke reeds gevind, terwyl die bestaan van 'n verdere vyf wapenopslagplekke ook bekend is.

3. UNTAG

a) Daar is tans ongeveer 4 540 lede van UNTAG in SWA ontplooi. Die Maleisiese bataljon het op 2 Mei 1989 in Owambo begin ontplooi. Die Finse bataljon is in die Kavango en die Caprivi ontplooi, terwyl die Keniaanse bataljon in Windhoek en die suide van SWA ontplooi is.

b) Onderhandelinge tussen die AG en Ahtisaari oor uitstaande sake word nou tot 'n punt gedryf. Die AG hou Vrydag vergadering met dr van Niekerk, dr Jannie Roux, die SAW en ons (Viall, Auret en Jaquet) om 'n onderhandelingsposisie oor amnestie, diskriminerende wetgewing en terugkerendes, te ontwerp, wat deur die SVR volgende week goedgekeur sal word.

c) Ahtisaari het so pas 67 gevalle van ernstige intimidasie deur SWAPOL in die Noorde by die AG aanhangig gemaak. Hy dreig om die aankoms van die

terugkerendes te vertraag indien die situasie nie verbeter nie.

4. INTERNASIONAAL

Tydens samesprekings wat Sam Nujoma op 30 April in Luanda met 'n spesiale Nigeriese Interdepartementele Taakmag met betrekking tot SWA gevoer het, is daar besluit dat:

- SWAPO moet dringend versoek om 'n OAE-ministeriële konferensie aan te vra, waartydens die afwatering van Resolusie 435 en die oneffektiwiteit van Athisaari in 'n verklaring veroordeel kan word;

- 'n Dringende besoek van Obasanjo en ander EPG-lede aan SWA gereël moet word, en die uitreiking van 'n verklaring oor hulle bevindinge om die inisiatief wat tans in die hande van die RSA, Athisaari en die Weste is, na die EPG te probeer verskuif.

5. BINNELANDS

a) Die interne politieke situasie word steeds gekenmerk deur voortgesette politieke verdeling ten opsigte van die binnelandse partye en 'n skynbare onvermoë en onwilligheid om invloed en steun te konsolideer vir die komende verkiesing. Voorts blyk dit ook dat as gevolg van bogenoemde die binnelandse partye se pogings vir die mobilisering van die bevolking, nadelig beïnvloed word. Dit wil ook voorkom asof die voordeel wat die interne partye kon trek uit SWAPO se infiltrasie op

1 April reeds vervaag het. In die verband het veral SWAPO propaganda-aksies bygedra dat die RSA en die Veiligheidsmagte reeds as die "skuldige" partye geëtiketeer word. Verder wil dit ook voorkom asof die interne partye nog nie daarin kon slaag om 'n grootskaalse mobiliseringsveldtog van stapel te stuur nie.

b) Die Council of Churches in Namibië (CCN) het besluit om 'n landwye inligtingsnetwerk bestaande uit 22 kommunikasiesentra daar te stel met die oog op die monitering van onreëlmatighede. Daar is ook besluit dat 25 internasionale hooggeplaasdes aangewys moet word om toesig oor die verkiesing te hou, terwyl 400 politieke waarnemers aangestel sal word om die politieke situasie te monitor.